

## Om Madiba behoorlik te eer

Nico Koopman\*

Op Mandeladag (18 Julie) onthou, waardeer, eer en vier ons ons land se eerste president wat demokraties verkies is, Nelson Rolihlahla Mandela. Ek bied in hierdie artikel 'n paar voorstelle van hoe ons dit kan doen.

Dit is altyd belangrik om te onthou dat Madiba nooit daarop aanspraak gemaak het dat sy werk afgehandel is nie. Hy skryf aan die einde van sy outobiografie, *Long Walk to Freedom*: *"The truth is that we are not yet free; we have merely achieved the freedom to be free, the right not to be oppressed. We have not taken the final step of our journey, but the first step on a longer and even more difficult road. For to be free is not merely to cast off one's chains, but to live in a way that respects and enhances the freedom of others. The true test of our devotion to freedom is just beginning. I have walked that long road to freedom."*

Hy sê voorts: *"I have tried not to falter; I have made missteps along the way. But I have discovered the secret that after climbing a great hill, one only finds that there are many more hills to climb. I have taken a moment here to rest, to steal a view of the glorious vista that surrounds me, to look back on the distance I have come. But I can rest only for a moment, for with freedom come responsibilities, and I dare not linger, for my long walk is not yet ended."*

Mandela het ons geleer dat die transformasie na 'n samelewing van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal nog nie voltooi is nie. Nadat hy sy lewe aan die reis gewy het, kon hy dit nie voltooi nie. Indien ons Madiba regtig wil vier, moet ons hierdie reis van transformasie voortsit. Ons moet elke keer opnuut begin. Ons moenie afwyk nie, maar moet eerder deurdruk en gefokus bly.

Madiba het ons ook geleer dat sy rol in hierdie reis nie perfek was nie. Hy het op koers probeer bly, maar het erken dat hy ook misstappe langs die pad begaan het. Mandela se erkenning van sy swakhede berei die pad vir ons voor om krities met sy nalatenskap om te gaan.

Baie mense kritiseer hom vandag deur te sê dat hy vir ons huidige sosio-ekonomiese probleme geblameer kan word. Sommige beweer Madiba en sy onderhandelingspan het nie voldoende voorsiening vir die herstrukturering van die land se politieke en ekonomiese stelsel gemaak nie wat die uitwissing van armoede, werkloosheid en ongelykheid sou verseker het.

Ander beskuldig hom daarvan dat hy dit baie moeilik, indien nie ontmoontlik nie, vir opvolgregerings gemaak het om sosio-ekonomiese bevryding vir die meerderheid teweeg te bring. Hulle redeneer selfs dat sy ooreenkomste met die Nasionale Party, die korporatiewe sektor en die internasionale gemeenskap, veral Brittanje en die Verenigde State, impliseer dat sosio-ekonomiese ongelykhede kon voortduur langs hoofsaaklik rasse- en geslagslyne.

Ten slotte ...

Indien ons Madiba wil eer, moet ons energie in hierdie taak belê om politieke en ekonomiese stelsels en strukture te ontwikkel wat geregtigheid vir almal waarborg. Om sulke stelsels te skep, verg dat ons behoorlike aandag aan rassegeregtigheid en geslagsgeregtigheid moet gee. Hier moet ons dalk by vooraanstaande swart, bevrydings- en feminisme-vakkundiges in vakke soos onder meer politieke filosofie, politieke wetenskap en ekonomie leer.

Om Madiba behoorlik en getrou te eer, is om te erken dat ons nog baie het om te doen op ons transformasieeis!

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***\*Prof Nico Koopman is die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch.***